Hoe bid ek vir my land?

28 April 2024

Suzette Hattingh
ian@moreleta.co.za

Inleiding

Fellowship - 25 min

Verwelkoming & Gebed:
Gee minstens 2 persone kans om te bid.
1. Is daar iets die week wat gebeur het waarvoor jy dankbaar is?
2. Watter uitdagings het jy hierdie week gehad?
3. Wat het vir jou in die preek uitgestaan die naweek?

Indien die Here laasweek met jou gepraat het oor iets wat jy moes gaan doen, deel dit met die kring.
Gee minstens 2 persone kans om te bid. Ons bid vir mekaar se uitdagings en sê vir die Here dankie vir dit waaroor ons kan dankbaar wees.
As God iets wil doen in ons land sal Hy dit laat gebeur in die liggaam van Christus (kerke) en die regering.
In 2 Kronieke 7:14 beloof die Here dat die wat Sy Naam uitroep, berou toon en bid en vra na Sy wil en terug draai van hulle bose weë af, sal Hy luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land herstel.
Paulus moedig die gemeentes aan om as intersessors in te tree en vir mekaar te bid. So te meer moet ons intree en bid vir ons pragtige land, ons huweliksmaats, ons kinders, ons gemeenskap, ons buurt, ons stad en ook vir leierskap. Die land se leierskap en ons kerk se leierskap.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Lees saam

Die Woord - 30 min
Skrifgedeeltes: **Jesaja 60:17-19**

- Een persoon lees die gedeelte.
- 'n Tweede persoon vertel die verhaal so volledig moontlik. Dit is nie 'n intelligensie toets nie. Die doel hiervan is om net 'n geheelbeeld van die gedeelte te kry. Moenie die gedeelte opsom of jou opinie gee van wat hier staan nie. Vertel so feitelik moontlik wat hier staan.
- 'n Derde persoon lees die gedeelte 'n tweede keer.

NB: Die fokus is op wat in hierdie spesifieke Skrifgedeeltes staan. Probeer om so min as moontlik van kruisverwysings gebruik te maak – om nie ander Skrifgedeeltes by die bespreking van hierdie spesifieke Skrifgedeeltes in te sluit nie. Vra die Heilige Gees om julle te leer. Vermy ingewikkelde teologiese debatte. Die basiese vraag is: Here, wat wil U vir my sê uit hierdie spesifieke Skrifgedeelte?

Gesels saam

Bespreek die Skrifgedeeltes aan die hand van drie vrae:

1**. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?**
(Hoe openbaar God Homself aan my: Wie Hy is, Sy karakter, werke, bevele, beloftes?)

2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?
(Wat verwag God van my volgens hierdie gedeelte – bv. om te vergewe, groei in my verhouding met Hom, gehoorsaam te wees, en in 'n verhouding met Hom te leef? Wat moet in my lewe verander? Wat is my verantwoordelikhede?)

3. 'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?

Hoe bid ek vir my land?
28 April 2024
Suzette Hattingh

Doen saam

Gehoorsaamheid - 20min

Nadat julle die teksgedeeltes bestudeer het, wat voel julle vra die Heilige Gees van julle om te doen?

Omdat dit God is wat hier praat, moet ons reageer. In hierdie gedeelte van die groepsbyeenkoms gaan ons oor van inligting na. gehoorsaamheid: Is daar iets wat in jou lewe moet verander in die lig van julle bespreking van hierdie Skrifgedeeltes?
Wat is daar wat jy in die komende week moet doen na aanleiding van julle bestudering van hierdie Skrifgedeeltes? Hoe kan jy 'n seën wees vir ander mense rondom jou?
Wees baie spesifiek. Almal in die groep reageer op die Woord met 'n **I will statement** vir die week en deel dit met die groep. 'n **I will statement** is 'n persoonlike verbintenis tot wat jy in die komende week prakties sal doen in gehoorsaamheid aan wat die Heilige Gees vir jou sê.

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)
- Besluit om as groep die Donderdag aande Kampus gebedsgeleentheid 18:00 in Revive Restaurant by te woon.

I Will Statement:

_____

_____

_____